HOËRSKOOL HEIDELBERG

X-INGELIG

Uitgawe: 8 www.hsheidelberg.co.za 14 Junie 2024

Kalender

Maandag 8/07 VAKANSIE	**Dinsdag 9/07** **Dag 1** SKOOL OPEN @ 07:30 • Saalbyeenkoms	**Woensdag 10/07** **Dag 2** • Meneer Crous verjaar	**Donderdag 11/07** **Dag 3** Alleen ons beste	**Vrydag 12/07** **Dag 4** • Rapporte gaan huis toe	**Saterdag 13/07** • Ashton Pikkie-sportdag (o/7-o/13) • LS-Volschenk sportdag (o/10 - o/13)	**Sondag 14/07**
Maandag 15/07 **Dag 5** • Personeel-vergadering • Juffrou Van Zyl verjaar	**Dinsdag 16/07** **Dag 6** • **GSF - Ouerafsprake** • **Gr. 12 - Ouerverg. om 18:00** • **Gr. 8 - Ouerverg. om 19:00** • Rugby: O/12- XV-tal dorpsproewe O/13 - 7's dorpsproewe	**Woensdag 17/07** **Dag 7** • HS-netbal te Kairos Sek.	**Donderdag 18/07** **Dag 8** • LS-rugby & - netbal vs Panorama PS - (tuis)	**Vrydag 19/07** **Dag 9**	**Saterdag 20/07**	**Sondag 21/07**

UIT DIE KANTOOR

Liewe Ouer/Voog

Met die eksamen nou agter die rug, wag ‘n heerlike wintervakansie op ons kinders. Baie dankie aan elke ouer, sportafrigter, OOV- en Beheerliggaamlid vir u insette, ondersteuning, aanmoediging, erkenning en positiewe kritiek die afgelope kwartaal. Hierdeur word ons diamies verbind tot alleen ons beste vir ons kinders.

Aan die onderwysers en ondersteuningspersoneel sê ek graag baie dankie vir nog ‘n kwartaal van volgehoue harde werk. U verdien beslis ‘n ruskans!

Rapporte word die eerste Vrydag van volgende kwartaal uitgestuur. Dit weerspieël u kind se vordering vir die eerste twee kwartale van 2024. Die punte verteenwoordig die deurlopende assesseringswerk van 2024 tot op hede asook die prestasie in die Junie-eksamen. Verseker asb. dat u en u kind(ers) dit deeglik bespreek ten einde steeds die uitdaging te aanvaar om op koers te wees na uitnemendheid. Onderteken asb. die rapport en stuur dit Maandag 15 Julie vir ons terug.

Ek sluit af met die wyse woorde van Albert Clark, In ons daaglikse lewe moet ons besef dit is nie geluk wat ons dankbaar maak nie, maar dankbaarheid wat ons gelukkig maak.”

Groete

J.J. Nell
Skoolhoof

Neem kennis

Vandag ontvang u:

- Kwartaal 3 - kalender
- Rekening
- 120 - Feesjaarvorm

Die skool open 9 Julie, om 07:30 met saalbyeenkoms.

Dringende verpligte oueraande:

16 Julie

Graad 8 - 19:00
Graad 12 - 18:00

Hatties
Alleen ons beste

HOËRSKOOL HEIDELBERG

X-INGELIG

Uitgawe: 8 www.hsheidelberg.co.za 14 Junie 2024

HATTIES GEE OM

Op Vrydag, 31 Mei 2024, het leerders en sommige van die onnies, met hul kleurvolle pantoffels skool toe gekom. Leerders het R10.00 betaal om pantoffels aan te trek of 'n pantoffeldagplakker gekoop van R20.00 en kon dan nie net pantoffels dra nie, maar ook 'n gratis koffie of “hot chocolate” by die Wimpy gaan haal. Die fondse wat ingesamel is, is aan kinders met terminale siektes geskenk. Die leerders het dit vreeslik geniet om skool toe te kon kom met hulle gemaklike, warm pantoffels.

Net weer ‘n bewys dat die kleinste en gemaklikste dinge die grootste vreugde bring!

Baie dankie aan Heidelberg Wimpy vir die gratis koffie en “hot chocolate” wat die Vrydag op 'n goeie noot afgesluit het.

GEBEDSKETTING

Ons wil dankie sê vir die skool se seëninge wat ons tydens kwartaal 2 uit U hand ontvang het. Bewaar elke huisgesin hierdie vakansie en bring asseblief almal met nuwe kragte weer terug. Amen

RUGBYDINGE

Baie geluk aan Rochandré Thyse wat in die o/18-vrouerugbyspan opgeneem is. Sy gaan tydens die vakansie, 28 Junie tot 5 Julie, in Johannesburg deelneem.

Baie geluk aan me. Hartnick (o/9- rugby afrigter) wat as die assistent-afrigter van die YTC-week verkies is.

Ons is geweldig trots op hierdie twee dames!

Baie geluk aan Durick David en Raywin Links wat in die SWD o/13 - Cravenweek Akademiese span opgeneem is. Hulle gaan 17 - 21 Junie aan die Akademiese week in Pretoria deelneem.

Ons hou styf duime vir hulle vas!

Ons het ‘n paar vrae vir hulle gevra:

Durick, wie is jou gunsteling - rugbyspeler?

“Grant Williams”

Wat is jou grootste droom as rugbyspeler?

“Ek wil die sportman van die jaar wees en sal graag vir die Springbokke wil uitdraf!”

Raywin, wie is jou gunsteling - rugbyspeler?

“Riekco Ioane”

Wat is jou grootste droom as rugbyspeler?

“My droom is om eendag ‘n Springbok-rugbyspeler te wees.”

KONSERTFOTO’S

Konsertfoto’s kan digitaal deur webtuiste bestel word teen R35 per digitale foto.

Die skakel kan gebruik word: https://photofrog.co.za/buy/we8nr

Betalings vind deur die webtuiste plaas.

HOËRSKOOL HEIDELBERG

X-INGELIG

Uitgawe: 8 www.hsheidelberg.co.za 14 Junie 2024

EN DIE WENNER IS...

Baie geluk aan Daniël van Deventer wat die meeste Ockertskraal speserye verkoop het. Hy het ‘n totaal van R1778 ingesamel met sy verkope. Hy wen ‘n R300 - Witsandmark-geskenkbewys. Die graad 4 - klas is die klas met die meeste verkope en hulle wen ‘n sivvie - dag in kwartaal 3.

Baie dankie aan elke persoon wat hierdie fondsinsamelings-projek ondersteun het.

VAKANSIEPROGRAM

Ontdek 'n wêreld van verbeelding en pret by die Heidelberg Biblioteek se opwindende vakansieprogram vir kinders!

Van 18 Junie tot 5 Julie om 10:00 - 11:30.

Dit sluit: kreatiewe kunswerke, bordspeletjies, leespret, Alice in Wonderland, 'n spesiale kuier van Gigi en nog vele meer in.

Die beste van alles - toegang is heeltemal gratis!

BAK EN BROU

Die heerlike geure van pannekoek, flapjacks, melkkos, swiss rolls, sjokolademousse en suurlemoenmeringue het tydens die eksamen-verbruikerstudieprakties in die skoolgange gehang.

Die graad 10- tot 12 - leerders het behoorlik hul bak-vaardighede gedemonstreer.

DIRIGENTE

Ons stel die Interskole dirigente aan julle bekend!

Hoofdirigente: Chedwin Paardewagter en Nicole Esau

Dirigente: Rochell Moiloa, Nadine du Toit en Tusquané Komanisi

Hulle gaan sorg vir baie gees!

CANSA

CANSA Relay For Life is 'n jaarlikse fondsinsamelings- en bewusmakingsgeleentheid wat daarop gemik is om die stryd teen kanker te ondersteun.

Dit behels deelnemers in spanne en individueel wat om 'n baan stap of draf om die lewensreis van kankerpasiënte te simboliseer. Deelnemers vier die oorwinning van oorlewendes, onthou geliefdes wat aan kanker gesterf het, en mobiliseer die gemeenskap om aksie te neem. Die geleentheid bring mense van alle ouderdomme en agtergronde bymekaar in 'n atmosfeer van hoop en solidariteit.

Hierdie jaar vind die CANSA Relay For Life plaas op 19 Oktober 2024 by Hoërskool Heidelberg. Skryf jou span nou in en wees deel van die beweging teen kanker.

Kontak Hansie Saayman by 071 683 7458 vir inskrywings en meer inligting.

Iemand verjaar - 23 Junie

Liewe meneer Nell

Baie geluk met meneer se verjaarsdag! Mag hierdie spesiale dag vir Meneer gevul wees met vreugde, seëninge en die nabyheid van ons Here. Dankie vir meneer se inspirerende leierskap en die liefde waarmee Meneer elke dag ons skool en kinders bedien.

"Die Here seën jou en beskerm jou; die Here laat sy aangesig oor jou skyn en wees jou genadig; die Here rig sy aangesig tot jou en gee jou vrede."
- Numeri 6:24-26

Mag die genade en vrede van Christus Meneer elke dag omvou en mag meneer die wysheid en krag ontvang om voort te gaan met die wonderlike werk wat Meneer doen.

Liefde die Hatties, Ouers, Personeel, Werkers, Beheerliggaam en OOV.